

# Vuk'uzenzele



Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English / Afrikaans

May 2020 Edition 1

## Our heroes on the COVID-19 Frontline

Page 5



## Healthcare workers to screen people at their homes

Page 11



# COVID-19: SA's eight-stage plan

Allison Cooper

**G**overnment's novel coronavirus (COVID-19) interventions, especially the national lockdown, have been successful in slowing down the disease's spread.

This is according to South African epidemiologist and infectious diseases specialist Professor Salim Abdool Karim, who is also the chairman of the Ministerial Advisory Group on COVID-19.

At a briefing held with Health Minister Zweli Mkhize recently, Professor Karim

presented an overview of the epidemic, its early trajectory and the country's eight-stage plan for tackling the virus.

On a positive note, said Professor Karim, the lockdown has bought us time. "We cannot end lockdown abruptly. It will undo all we have achieved."

Professor Karim said the world's first cases of COVID-19 probably occurred in November 2019, but the first reported case was on 19 December in Wuhan, China.

"In the short four months that we've known about the virus, we have seen it go from a small outbreak to a

situation where we have just over 1.8 million people infected," says Professor Karim.

"When a country reaches 100 cases, the epidemic grows at a rapid rate – what we call an exponential curve – that reflects the high number of new infections that occur almost daily. When you have this exponential curve and new cases increase rapidly, people need medical care and the medical system gets overwhelmed," he said.

South Africa was entering an exponential curve before lockdown. On 26 March the country began to see a decline in cases. Following this, it reached a plateau, where it was seeing a similar number of cases every day – between 60 and 70.

This is a very different situation to other countries. "No other country has been able to reach a stage where you get that kind of plateau," said Professor Karim.

### Why is SA different?

There are three possible reasons why South Africa's path is different.

The first is that we could

• Cont page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

### CONTACT US



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

**FREE COPY NOT FOR SALE**



# Hulp aan ons kwesbare burgers



**B**aie lande regoor die wêreld het koronavirus-inperkings ingestel om die lewens van hulle burgers te red. Ons het dieselfde hier gedoen, maar ons inperking het 'n baie betreuenswaardige foutlyn in ons samelewing onthul, wat aandui hoe uiterste armoede, ongelikheid en werkloosheid die struktuur van ons gemeenskappe uitmekaar skeur.

Daar kan geen groter foltering wees as dié van ouers wie se kinders by hulle huil omdat hulle nie kos het nie, maar hulle het niks om te gee nie.

Daar kan geen groter onreg bestaan as 'n samelewing waar sommige in gemak en oorvloed leef, terwyl ander sukkel om met min of niks te oorleef nie.

Ja, dit is die hartseer nage-

volge van 'n gebroke en ongelike verlede. Maar dit is ook 'n simptoom van 'n fundamentele mislukking in ons samelewing ná apartheid. Die landwyse inperking in reaksie op die koronavirus het 'n jarelange probleem aansienlik vererger.

Die afgelope paar weke is ons gekonfronteer met ontstellende beelde van desperate mense wat mekaar vir kospakkies by verspreidingsentrums vertrap en gemeenskappe wat protesoptogte hou teen voedseltekorte.

Ons het ook bewerings gehoor wat ontstellend en walglik is. Verskeie provinsies het berigte ontvang van gewetenlose individue, sommige van hulle na bewering regeringsampnare, wat kospakkies wat vir die behoeftiges en kwesbares bestem is opgaar of verkoop, of vir hul vriende en familie gee.

As daar bevind word dat

daar enige waarheid in hierdie bewerings steek, sal ons baie streng teen die betrokke individue optree.

Met die verklaring van 'n nasionale ramptoestand en die instelling van 'n landwyse inperkingstoestand het ons 'n onbekende terrein betree. Dit was nog nooit voorheen vir Suid-Afrika nodig om 'n openbare gesondheidsnoodsituasie van hierdie omvang te hanteer nie.

Ons moes vinnig optree om lewens te red. En ons moet erken dat die voorsiening van ondersteuning aan die land se kwesbaarste burgers in die dae en weke wat hierop gevolg het, stadiger was as wat dit moes wees, en dat sekere probleme oor die hoof gesien is.

Die uitbetaling van maatskaplike toelaes het egter betreklik glad verloop, en ná 'n aantal tegniese uitdagings word die

voedselverspreidingsstelsel nou gestroomlyn.

Die instelling van 'n landwyse inperkingstoestand op baie kort kennisgewing het tot verskeie uitdagings gelei. Ons moes die relatiewe uitwerking van die nasionale reaksie opweeg teenoor die omvang van die beperkings wat ons sou moes instel.

Ons het oplaas die roete van omsigtigheid gekies. En soos die Ministerie van Gesondheid se voorlegging onlangs aangedui het, het die inperking wat ons die afgelope tyd afgedwing het die infeksiekoers vertraag en, selfs belangriker, vir ons tyd gekoop om voor te berei op 'n moontlike toename in infeksies in die komende weke en maande.

Ons moes die impak op 'n reeds sukkelende ekonomie op die lang en kort termyn oorweeg, en ons moes die uitwerking van hierdie wesenslike ontwinging op die lewensbestaan van miljoene mense in oënskou neem.

Ons moes nadink oor wat weke se inperking by die huis sou beteken vir werkers wat nie gereelde salarisse kry nie, vir werkloos en mense wat werk soek, vir mense wat informele of seisoenale werk doen, vir diene in die informele sektor, vir die behoeftiges en vir die kwesbares.

Die kabinet gaan 'n stel maatreëls finaliseer om te reageer op die uitwerking van die inperking op die lewensbestaan van ons mense. Dit is voorafgegaan deur 'n reeks samesprekings met verskeie belanghebbendes, waaronder die sakesektor, georganiseerde arbeid, godsdienstige organisasies, die burgerlike samelewing en die Presidensiële Ekonomiese Adviesraad.

Die maatskaplike vennote het verskeie voorstelle ingedien oor ingrypings wat die onmiddellike kwesbaarheid van die armstes van die armes, waarvan die meeste staatmaak

op maatskaplike hulp om te oorleef, kan verlig.

Ons sal die voorsiening van welsynsdienste in hierdie tydperk opskerp om huishoudings wat onder die armoedegrens leef, te help.

Selfs as die landwyse inperkingstoestand opgehef word, sal die gevolge daarvan nog 'n geruime tyd gevoel word.

Diegene wat bevoorreg is om 'n bestendige inkomste te verdien, sal na hul werk kan terugkeer; maar vir miljoene ander sal dit 'n verlore maand wees waar hulle andersins tydelike werk kon gehad het, in die informele sektor sake sou gedoen het of geld kon gespaar het om hul gesinsverantwoordelikhede na te kom.

Voedselondersteuning is 'n noodmaatreël op die kort termyn. Dit moet gepaard gaan met volhoubare oplossings wat ons kwesbaarste burgers help om in die moeilike tye wat nog voorlê, te oorleef.

Ek wil die talle NRO's, godsdienstige groepe en gewone burgers bedank wat geld skenk en as vrywilligers help om honger en behoeftige mense te voed.

Om honger te verlig, is nie 'n daad van barmhartigheid nie. Dit is 'n noodsaaklikheid vir enige samelewing wat gegrond is op respek vir menseregte.

Ons is op 'n punt in ons stryd teen die pandemie waar oorerustheid rampspoedig kan wees. Ek doen 'n beroep op elkeen om waaksaam te bly, om steeds die regulasies na te kom, om veilig te bly en om ander veilig te hou.

As regering sal ons inligting voorsien oor die direkte ingrypings wat ons onderneem om ons kwesbaarste burgers teen die skrikwekkende vooruitsig van honger te beskerm.

Die talle probleme wat ons mense tans in die gesig staar, moet nie nog verder vererger word deur onsekerheid oor waar hulle volgende maaltyd vandaan sal kom nie. **V**

## COVID-19 JONGSTE NUUS

# Kleinsake tydens COVID-19 ondersteun

**DIE ONSEKERHEID** en finansiële druk wat deur die globale koronaviruspandemie op entrepreneurs en kleinsakeondernemings geplaas word, word ietwat deur 'n reeks privaat en staatsondersteuningskemas verlig.



Dale Hes

**E**ienaars van kleinsake en informele handelaars is onder diegene in Suid-Afrika wat die ergste deur die grendeltydperk beïnvloed word. Dié besigheidseienaars kan uit 'n aantal ingrypings voordeel trek wat die regering in plek gestel het om hulle te help om deur dié moeilike tyd te kom.

### KMMO-skuldverligtingsfonds

Die Departement van Kleinsake-ontwikkeling het,

ná die aankondiging van die grendeltydperk, onmiddellik 'n verligtingsfonds aan kleinsake wat negatief deur die COVID-19-pandemie beïnvloed word beskikbaar gestel.

Meer as R500 miljoen is deur die fonds beskikbaar gestel, waarvoor klein- en mediumsakeondernemings deur 'n aanlynansoekproses moet aansoek doen.

**Hier is die stappe wat gevolg moet word:**

1. Jou besigheid moet op die KMMO-Suid-Afrika-portaal geregistreer wees. Jy moet na [www.ssmesa.gov.za](http://www.ssmesa.gov.za) toe gaan om te registreer, as jy nog nie geregistreer is nie.

2. Sodra jy geregistreer is, kan jy vir die COVID-19 KMMO-skuldverligtingsfonds aansoek doen. Die aansoekvorm is op die Departement van Kleinsake-ontwikkeling se webwerf beskikbaar.

3. Verligtingsbefondsing sal binne 12 werksdae aan goedgekeurde aansoekers uitbetaal word, mits jy aan al die kriteria voldoen (soos dat jou besigheid aan belasting onderworpe is en 100% deur Suid-Afrikaners besit word).

Die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap is beskikbaar om jou te help om aansoek vir die skuldverligtingskema te doen as jy 'n mikro-onderneming

besit. Versoeke om hulp moet per e-pos aan [debtrelief@seda.org.za](mailto:debtrelief@seda.org.za) gestuur word.

### Solidariteitreaksiefonds

President Cyril Ramaphosa het ook die stigting van die Solidariteitreaksiefonds aangekondig, wat 'n aanvanklike hupstoot van R150 miljoen van die regering ontvang het. Die fonds laat organisasies en individue toe om die landwye ondersteuningspogings vir kleinsake en COVID-19-reaksiepogings deur skenkings te ondersteun.

Meer as R2 miljard is gedurende die eerste twee weke van die fonds geskenk, wat vir verligtingspogings gebruik sal word.

### Ondersteuning vir spazawinkels

Die regering erken die unieke uitdagings van die pandemie op diegene wat in die informele sektor werk. Die minister vir kleinsake-ontwikkeling, Khumbudzo Ntshavheni, het in dié verband ook ondersteuningspakkette vir mense wat in dié sektor werk beskikbaar gestel.

Dit sluit 'n toegewyde ondersteuningskema vir spazawinkels in.

"Die spazawinkelondersteuning sal die toegewyde netwerkgeleentheid, aankoopkrag en grootmaataankope deur voorafgekeur en -goedgekeurde groothandelaars insluit," verduidelik die minister.

Dié ondersteuning sal spa-

zawinkels in staat stel om toegang tot goedere te verkry wat hulle kan verkoop. Minister Ntshavheni voeg by dat die skema ook krediet aan spazawinkeleienaars sal verskaf, wat hulle toegang sal gee tot die geld om voorraad aan te koop.

"Dit sal opgevolg word met 'n kredietfasiliteit om spazawinkeleienaars in staat te stel om deurlopend te koop, selfs nadat die COVID-19-uitbraak verby is."

Die departement sal ook raad verskaf oor hoe om hulle winkels met sukses te bedryf.

"Ons ondersteun hulle ook met besigheidsbestuursondersteuning, omdat ons weet dat spazawinkels probleme aangaande die winsgewende bestuur van die ondernemings ondervind," sê Ntshavheni.

### Help informele handelaars

Die regering werk ook daaraan om 'n pakket te skep wat inkomsteverligting sal verskaf aan informele handelaars wat as gevolg van die krisis hulle inkomste verloor het.

Informele besighede kwalifiseer ook vir die KMMO-skuldverligtingsfonds, maar hulle moet op dieselfde manier as ander kleinsake by die departement registreer. **U**

**Skakel 0860 663 7867 vir meer inligting oor finansiële verligting vir kleinsake.**